


Geliefde Lourensrivierder

Daar is 'n diepe dankbaarheid in my hart oor die reën wat val en dit herinner my net dat die Here wel ons gebede verhoor. Hy bly getrou aan Sy Woord en beloftes. Ek dink nou sommer aan die teksvers in 2 Tim 2:11-13 "Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe; as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën; as ons ontrou is - Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie"



Ek wil sommer saam met Jannie Du Toit & Lucas Maree sing: "laat my nooit U grond verlaat nie".....  
<https://www.youtube.com/watch?v=EzIT8vQFb1Q>

## NUUSKRUMMELS: 19 OKTOBER 2017

### NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

### KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

**Lourensrivier Strand**  
**FEESMARK**  
h/v Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, Strand  
**21 OKTOBER - 4 NOVEMBER**  
Weeksdae: 09h00 tot 19h00  
Saterdag: 09h00 tot 17h00

*Heerlike Restaurant & Coffee Shop elke dag*  
Senior Burger dag: 30 Oktober  
**NAVRAE : 021 853 5991**  
**TOEGANG GRATIS**



KAAPSE TOER 2017  
26 OKTOBER - 12 NOVEMBER  
Gereformeerde Kerk, Strand  
**3 November**  
*Spit & Plesier*  
**SPITBRAAI & MUSIEK AAND**  
R130 p/p / R60 kinders onder 12 jaar  
Besprekings: 021 854 4584 HUMAN AUTO  
jacobus silwer met trots geborg deur

## NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ACVV HUIS JAN SWART

H van der Merwe: Hoof @ 021 854-3763

# SKAAP OP DIE SPIT

ACVV Huis Jan Swart  
hou fondsinsameling met  
skaap op die spit  
wegneemete op

**Saterdag 4 November 2017**

**Ete gereed vir afhaal om 13:00**

Die ete bestaan uit:

Skaap op die spit

Soetpatat

Ertjies/geelwortels

Baba-aartappels

Malvapoeding en vla ingesl.

**Bestel vooraf by 021 854-3763**

**om teleurstelling te voorkom!**

**Koste slegs  
R80-00!**

## HUIS·PAM·BRINK/ESPERANZA

Versorgingsdiens vir Ouer-Persones

Huis Pam-Brink → Myburgstraat 15 → STRAND—7140  
Huis Esperanza → Donaldsonstraat 11 → STRAND—7140

Telefoon: 021 8544579 → Faks: 021 8544770  
Telefoon: 021 8547307 → Faks: 021 8548242

E-pos: [esperanza.admin@gmail.com](mailto:esperanza.admin@gmail.com)

Gereguleerde Organisasie - Sonder Winstoekend (Registrasie nr-011-891)

Namens die Bestuur- en inwoners van Huis Esperanza wil ons baie graag al die gemeentede hartlik bedank vir hul bydraes, ondersteuning en hulp tydens Huis Esperanza se bazaar van 30 September 2017. Sonder julle kan ons glad nie 'n bazaar-aanpak en dit suksesvol behartig nie!

Elkeen wat na die bazaar gekom het asook gehelp het, het bygedra dat die geleentheid weereens 'n spesiale dag op ons kalender was.

Ons bly dankbaar!

MEV'B V'LOUW

Mev-B-V Louw

BESTUURDER

## POTJIEKOS KOMPETISIE

Saterdag, 28 OKTOBER 2017

ACVV HUIS SOETERUS

OLIVIERSTRAAT 8, STRAND  
TEL: 021 853 7423

Musiek deur:

### DIE KAAPSE AFFODIIE

(DAMES BOERE ORKES) tussen 9h30 en 10h30

Spanne word uitgenooi om potte van hul keuse te kom maak. Die inhoud word geskenk vir verkope ten bate van ACVV Huis Soeterus (fondsinsamelingsprojek).

Borge van pryse, rys, en poedings word benodig. Indien u in die verband kan bydra, kontak asb ontvangs vir meer inligting.

Pryse vir: **BESTE POT, SPANGEEES EN TEMA!!!!**

**BOERESPORTS, STALLETJIES EN GROOT PRET**



FONDSINSAMELINGS PROJIEK TEN BATE VAN ACVV HUIS SOETETUS

002-960NPO

## POTJIEKOS KOMPETISIE

28 OKTOBER 2017

KAATJIES NOU BESIKBAAR!!

Koop/Besprek asb u kaartjies vroegetydig  
by Ontvangs @ R50 elk.

Tel: 021 853 7423

POTTE WAT BESIKBAAR SAL WEES:

SKAAPOT

HOENDER

GROENBONE

SEEKOS

WATERBLOMMETJIE

WILDSPOT

SKAAPKERRIE-AFVAL

LAMSPOT

HOENDER & ROOM

**HUIS HORISON**  
**Somerkermiss**  
 Saterdag 4 November 2017  
 08:00 - 13:00

*Handgemaak, Tuisgemaak, Goëie Kwaliteit*  
 Pretloop, koffie, kosstalletjies, pannekoek, boeke,  
 handwerk, houtwerk, gebak, speletjies, wyn,  
 wit olifante, vintage klere en baie meer...

Huis Horison, Patrysstraat 1, Onder-Papegaalberg  
[www.huishorison.org.za](http://www.huishorison.org.za)  
 Kontak Sonja de Klerk by 021 887 5080 vir meer inligting of hulp as vrywilliger aan te bied

#### **KNIEWERK:**

- ✦ Dankie Heer vir U genadereën! Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied en vir die boere wat swaarkry.
- ✦ Kankerbehandeling: Owen Wallis
- ✦ Donald van Rensburg in hospitaal
- ✦ Johan Nel in Spescare besig om aan te sterk

#### **TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:**

**Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb. op hoogte.**

- ✦ Ek wil graag almal in die gemeente bedank wat vir my gebid en ondersteun het tydens my chemoterapie. Ons as gesin kon werklik ervaar dat die Here die pad vir ons gelyk maak deur julle gebede! Ek is nou na 24 weke klaar met chemoterapie en sien die chirurg op 23 Oktober om 'n verdere operasie te bespreek. Hou asb. aan bid vir volkome genesing! Anette Laten

#### **GEBEDSTEMA VIR OKTOBER:**

Dit gaan oor beloftes wat God in Sy Woord vir ons gee oor verskeie aspekte.

Ons moet die beloftes gebruik wanneer ons bid – dit ons eie maak en vashou daaraan.



#### **Week 3.**

#### **Beloftes oor familie van die gelowige**

- Spreuke 3:33 - Die Here seën die woning van wat aan Hom getrou is.
- Psalm 128:1 - Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.
- Efesiërs 6:2-3 - "Eer jou vader en jou moeder" is 'n belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde".

## **BELOFTEROLLE:**

Ons wil jou graag uitnooi om Sondae agter in die kerk vir jou 'n belofterol te neem. Dit is gratis en deel van die Gebedsbediening. Dit kan ook as gebede gebruik word.

## **FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 22 OKT SE BOODSKAP: MAT 22:15-22 (TWINTIGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)**

### ***Gee aan God wat hom toekom:***

In Matteus 22:18-21 is Jesus in 'n twisgesprek met die Fariseërs: "Julle skynheiliges", sê Jesus, "julle probeer My uitvang! Wys vir My die Romeinse belastingmunt." Hulle bring toe vir Hom die muntstuk. "Wie se kop en titel is hierop afgedruk?", vra Hy vir hulle. Hulle antwoord: "Die keiser s'n." "Wel", sê Hy toe, "gee dan aan die keiser wat hom toekom."

Ons weet die antwoord gaan verder! "Gee dan aan die keiser wat hom toekom. Maar gee ook aan God alles wat Hóm toekom." Die keiser se deel is eintlik die maklike deel van die antwoord. Maar wat is God se deel? Ons as Jesusvolgelingen dra daagliks die beeld van God, daarom moet ons alles vir God gee. Luciano Pavarotti se pa het hom bekendgestel aan sang. Hy het hom aangemoedig en gehelp om sy stem te ontwikkel. Later het Pavarotti by 'n onderwyskollege gaan leer. By sy gradeplegtigheid het hy vir sy pa gevra: "Moet ek 'n sanger of 'n onderwyser word?" Sy pa het geantwoord: "Luciano, as jy op twee stoele probeer sit, sal jy tussendeur val.

Kies in die lewe een stoel.

Wat jy ookal kies, "commitment" bly die sleutel. As jy die Here kies is dit wat jy vir Hom gee 100%! Dit is wat dit beteken om aan God alles te gee wat Hom toekom! God verdien jou 100%, niks minder nie!

**Bron:** <https://ngkwonderboom.co.za/.../443-gee-aan-god-wat-hom-toekom>


**VIR INTERESSANTHEID:** Die verwysing na 'n denarius is belangrik. In die tyd van Tiberius sou sy afbeelding op die een kant van die denarius muntstuk wees, met 'n inskripsie wat hom as Divi Filius ('n seun van God) geïdentifiseer het. Dit het dus beide die eerste gebod (geen ander gode mag aanbid word nie) en die tweede gebod (daar mag geen afbeeldings van hulle gemaak word nie) oortree (vgl Eks 20:3-4). Op die keersy sou Tiberius as die hoë priester (Latyn: Pontifex Maximus) geïdentifiseer word (iets wat ook vir die Jode aanstootlik was). Vanweë dié aanstootlikheid van die denarius het die Jode eerder hulle eie kopermunte gemunt, sonder enige afbeelding of aanstootlike inskripsies daarop, vir hulle alledaagse gebruik. Dat Jesus se aanklaers wel 'n aanstootlike denarius op die tempelgrond gehad het, ontmasker hulle huigelary, naamlik dat hulle nie werklik omgee het vir die wet van God of sy heiligheid nie. Daarom sê Jesus dat hulle dié denarius maar aan die keiser kan teruggee.

Jesus se antwoord kom daarop neer dat die keiser geregtig is om die geld waarop sy afbeelding is, op te eis as belasting. Net so is God daarop geregtig om gelowiges se hele lewe op te eis. Gelowiges is naamlik die afbeelding van God en die maaksels van sy hand. Al is Christene dus wel eer aan die keiser verskuldig (vgl. Rom. 13:7 en 1 Pet 2:17), is hulle finale lojaliteit net aan God (Hand 5:29).

**Bron:** <http://preke.bybelmedia.org.za/>

**OORGEE, OMGEE, AANGEE**

Jackie@Lourensrivier



**STOP SAYING  
YOU'RE A  
CHRISTIAN  
AND START  
BEING A  
CHRISTIAN**